## TOULEIER

# Werksoek in Chili is nie maklik nie

**Hoofstuk 3 Deel 21**

Verlede maand se reisverhaal van die Smits in die Verre Ooste het maar net een reaksie uitgelok van die lesers. Ek aanvaar dus daar is nie juis belangstelling nie. Ek gaan liewer nie vra oor my eie reisverhaal nie, veral nie vandag nie. Nie op hierdie swart Saterdag die 16de nie!

Soos 'n WhatsApp boodskap wat my tannie my stuur sê Allister Coetzee meen ons sal moet werk aan sekere punte. En toe kry ons nie eens punte om aan te werk nie! Ons eie Murrayfield, net bietjie erger. Genoeg van die swart gal, kom ons kyk liewer na die randjie van die silwervaring. Na als is selfs 'n samoesa beter as 'n springbok want dit het darem drie punte!

Ons tonnel in Chili se Andesgebergte begin einde se kant toe staan. Dit was weer tyd om te begin rondkyk en voelers uitsteek vir nuwe werk. In ons tipe konstruksie kan jy nie sit en wag tot hulle jou vra om te loop nie. Teen daardie tyd is al die goeie werk op die volgende projek alreeds gevat.

Dis nogal 'n kunsie om so werk te soek. Daar is streng reëls en protokol betrokke. Jy kan maklik moeilikheid kry as jy oor die draad vry vir werk of om mense te probeer werf. Een aand in die myn se ontspanningsklub, oor die skuim van die derde bier, skraap die kontrakteur se agent genoeg moed bymekaar om my te pols oor 'n moontlike betrokkenheid by 'n nuwe myn se infrastruktuurontwikkeling. Dié keer in Peru.

Soos ons teen die tyd al goed besef, beteken 'n nuwe werk dat kamermaatjie eers weer 'n rukkie in Duskantland gaan moet draai vir 'n rukkie terwyl ek by die nuwe projek nesskop.

Dis dié keer by 'n Chileense kontrakteur wat 'n kontrak gewen het om 'n tonnel op die allemintige hoogte van meer as 4 500 meter bo seespieël te gaan ontwikkel. En, die hele klomp praat net Spaans. Gelukkig voel ek dapper en tevrede genoeg met my vordering in Kastiliaans en dink die nuwe base ook so. Ons leer ook nie ons les nie. Soos altyd, het ons oor die twee jaar in ChilI ook weer erger bymekaargemaak as eekhorinkies en moes ons weer die gebruiklike vyftig persent afslagplakkertjies begin plak op alles van beddegoed tot TV-stelle. Wêreldwyd is dit 'n goeie afslag en gou-gou sit ons met net vyf plastiese trommels se negosie oor. Goed wat net eenvoudig moet terug Suid-Afrika toe.

Die goue reël bly steeds dat ons niks mag verskeep wat ook tuis beskikbaar is nie. Hoe dit ook al sy, vyf trommels bly 'n klomp goed en om dit lugvrag te stuur, kos 'n fortuin. Dis ook die eerste keer dat verskeping nie eens 'n opsie is nie, want dink jou net in watter roete gevolg sou moes word om ons goed in Suid-Afrika te kry!

Chili en sy mense het goed onder my vel en baie diep in my hart ingekruip en ek sê vandag nog ek sou maklik daar afgetree het indien ek dit net kon bekostig. Bekostigbaarheid word hier nie net in geld bereken nie, maar ook in tyd, want mens moet eers sowat vier of vyf jaar daar werk en deur verskeie stadiums van goedkeuring gaan voor hulle eers daaraan so dink om jou burgerskap te gee. Dit is egter water onder die lewensbrug en vandag is

Chili maar net een van my emmerlysplekke waarheen ek eendag weer sal wil terugkeer om te sien hoe dit nou daar uitsien. Net voor die einde van die vorige eeu, verlaat ons Chili en los ons sommer baie vriende agter.


**Hennie Greeff**
**UITGEWER**
**Onrusrivier**
**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Hoekom spel ons name anders?

Mense vra dikwels hoekom ons plekname in Afrikaans vertaal. **SOPHIA KAPP** van die Taalkommissie verduidelik:
Op die oog af gee dit ook dikwels 'n onsinnigheid af, sulke vertalings. Die naam van die basilika in Rome wat na die apostel vernoem is, is byvoorbeeld in Engels "St. Peter's Basilica", maar in Afrikaans "Sint Pieter se Basilika" (en die plein voor hom die Sint Pietersplein"). Dit is beslis 'n eienaardige verskynsel – dat ons die apostel se naam op een manier verafrikaans en die kerk se naam op 'n ander. 'n Nog vreemder vertaling is die "Kantelberg" waarmee ons na "Canterbury" verwys. (Dis nou die setel van die Anglikaanse aartsbiskop.)

En daar is dit weer, hierdie onvoorspelbaarheid: Ons vertaal "Nieu-Seeland", maar nie "New York" nie, al praat hulle Engels in albei dié plekke en al praat ons van albei in Afrikaans. Ons vertaal "Londen", "Parys", "Rome", "Berlyn", "Lissabon" en "Tokio", maar ons peuter nie met "Reykjavik" of "München" nie.

Die beste rede wat ek kan aanvoer waarom ons sommige plekname vertaal: Weet jy nog wat die oorspronklike naam van die plek is, of beskou jy die Engelse naam as die oorspronklike net omdat jy dit eerste leer ken het? Mense kla omdat hulle nie "Munich" mag skryf nie, maar vergeet dat dit reeds 'n vertaling is – Engels uit Duits se München. Hulle wil nie "Sint Pietersplein" skryf nie, maar vergeet dat die ruimte se eintlike naam "Piazza San Pietro" is en dat die apostel se naam nie Peter, Pieter, Petrus of Pietro was nie, maar iets in Aramees wat ek nie hier gaan aanpak nie.

Die Chinese regering het self plekname in China vertaal, juis omdat hulle besef het die uitspraak en onbekende skrifbeeld gaan probleme veroorsaak. Alle Chinese plekname word in alle tale wêreldwyd dieselfde gespel.

(**Kammanuus:** En wat van Den Haag, wat in Engels The Hague is!)

## Dinge gaan nie altyd beter met Coke

Coca-Cola se eerste weergawe van sy Chinese naam is anders as die huidige een, en daar is 'n goeie rede: Daar is gevind dat die Chinese gebruikers die eerste keuse vertolk as "Byt die wakspadda" of - afhangende van die dialek - as "Merrieperd vol waks gestop."

Coke het die slagspreuk toe verander na "Ke Kou Ke Le" – dit beteken letterlik "smaaklik, maak jou gelukkig" of baie losweg "Laat jou mond water en maak jou gelukkig."

**Pepsi** het later nie veel beter gevaar nie met die vertaling van sy slagspreuk "Kry nuwe lewe met die Pepsi generasie." In Taiwan is dit vertolk as "Pepsi bring jou voorsate terug uit die dood."

**KFC** se "Vingerlek-lekker" is vertolk as "Eet jou vingers af."

## Die Oom- en Tannie slagveld

**'n Vrou uit Nederland skryf:**
By die skool moet die kinders my Ma'm Scheeres of mevrouw Scheeres noem. 'n Miss is ek helaas donkiejare nie meer nie. Gelukkig spreek die res van Nederland jou op jou voornaam aan.

Dit is altyd 'n helse nagmerrie om my eie kinders voor te berei op 'n besoek aan Suid-Afrika: Dié een mag jy NET tannie noem, daai een kry die creeps as jy Tannie sê, ongetroude vrouens is nie mevrouw nie en ou mense hou nie daarvan as jy begin jy-en-jou nie.

'n Slagveld sê ek vir jou, 'n slagveld.

# Duskantlander in Anderkantland

## Ek vat my Groen Mamba oorsee

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ierland..**

Die dag wanneer jy beginne rondreis, is die dag wat jy die eerste bladsy in jou lewensboek omblaai. Ek snoep gereeld op die internet rond vir plekke wat ek en my Groen Mamba (SA paspoort) visa-vry kan besoek. Die enigste EU lid-land sonder 'n Shengen noodsaaklikheid is Ierland! Wonderlik, ek kan ook die rooi taal gooi wanneer dit my pas en met elke Guinness word hulle aksente mos makliker op die oor.

Sodra jy aanland op die lughawe, word jy woerts-warts met 'n drie maande geldige visa verwelkom. Dublin se publieke vervoer is iets om oor te kwyl, want met een klein plastiek 'liep'-kaartjie rits jy die hele dag rond per bus, trein of trem. Ons gaan aan huis by lokale inwoners met 'n spaar slaapkamer want dis sommer baie goedkoper as hotelle. Kyk, dit neem nie veel om hierdie mense luidrugtig te kry nie, so dan wil jy nie naby 'n hotel se watergat probeer slaap nie.

Dublin het mooi mense, van vêr af; maar die nonsens wat uit daai vuilbekkies borrel is dreinwaardig. Jou ore tuit bloedrooi want vloekwoorde val uit hulle monde soos handevol sente uit 'n ou antie se beursie val. Mens, jy byt gereeld jou tong vas, want die ander ding wat my hare laat regop staan het, is die Here se naa, en dié van Sy moeder wat stadig, met klem, oor en oor kliphard herhaal word. Dis nie iets wat die deursnit Afrikaner sommer verduur nie. Aikona, sies! My ma sou heeldag iemand se bek met seep uitgeborsel het.

Daar is definitief Viking DNS in die Iere se bloed. As jy nou daai manne rooi onder die kraag wil hê, verwys na hulle as Britte, of noem dat Dublin die beste Britse hoofstad moet wees. Hulle verstik sommer in hulle bier en sal jou daar en dan op straat uitgooi. Mense, leer hierdie puntjie voor jy aanland; Ierland het in 1922 onafhanklik geword, maar Noord-Ierland is nog deel van die Britse koninkryk. Die manne is veglustig en sterk; elk met 'n gemiddelde dorstigheid van ten minste vier groot biere agter die blad. Hulle praat daar nog van "pints".

In die kroeë is daar soveel verskeidenheid biere dat jou visa te kort is om almal te proe. Van agtuur soggens af sit die nagskof manne al reeds en slurp 'n koue langglasbier. Manne in verfbesmeerde oorpakke en hardehoed in die hand stap gedurende middagete die kroeg in vir 'n koue bier. As jy na son-onder nie sitplek kry nie, moet jy maar staan en kuier. Moenie verwag om deurnag 'n biertjie te slurp nie! Die meeste watergate se laaste rondte is 22:30 op weeksaande en 13:00 oor naweke. Kamma probeer die owerhede dronkenskap op straat verminder.

Almal kan sing, in 'n piepklein *pub* ' trek 'n ou hier neffens jou stoel los en sing uit volle bors, 'n ander tokkel met lepeltjies 'n ritme, en almal luister aandagtig sy storielied. Sodra hy sit, trek 'n ander ou los en almal sit en knik ''n ritme terwyl daar agter iewers iemand op 'n bekfluitjie begelei. Op straat staan jonges en vergete *rockers* en speel en sing vir 'n handvol munte.

In strate en op publieke vervoer staar ons openlik vir bloedjong Ierse meisies met lang voshare tot laag by die yogabroeke. Dis verbysterend allerdaags vir twee poppies, 'n dag ouer as 19 jaar, saam sewe kinders te hê. Na Dag Twee het ons geweet hoe om 'n tafel- en bus- sitplek te kies, vêr van die jongetjies met stootwaentjies. In jou lewe het jy nog nooit sulke onhebbelike stoutgat kindertjies gesien rondhol en skree in publieke plekke nie. Mens jeuk om jou belt los te maak, maar daarlangs is dit teen die wet om die wettertjies op die ou manier maniere te leer.

Die kos is my dood, as dit effe reënerig is en die Noordseë se wind pluk aan jou jaspunte, beloon ek myself met 'n Guinnesspastei. Mens kan kies en keur tussen vars vet pienk salmvis, vleispasteie, bredies en fênsie Internasionale menu opsies met organiesE en vegetariese disse. Dankie tog daar is 'n lang lys interessante plekke wat baie stap behels en die belt weer intrek.

Praat van stap: Jy moet wakker wees, want tussen trems en fietse en busse en mense moet mens maar bly rondkyk sonder om hakke te breek en enkels te swik. Dublin lê dik in die geskiedenis met kastele, museums, soldate, skrywers, standbeelde en uitstallings om elke hoek en draai. Enige iets 'nasionaal' is heeltemal gratis om te besoek en selfs met die beste beplanning gaan jy nooit als gesien en gedoen kry nie. Die groot pobleem is dat daar tussen punt A en punt B nog 'n kroeg is met varsgebakte broodreuk en musiek wat jou van plan laat verander.

Ek kyk nou net, daar is nog vier bladsye in my Groen Mamba oop, ons kan altyd weer de Mamba vat vir 'n ontdekkingsreis in Ierland…

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com




## TWEE ATOME

Twee waterstofatome stap by die kroeg in.
Die een sê: "Ek het my elektron verloor."
Die ander een sê: "Is jy seker?"
Die eerste een antwoord: "Ja, positief."

## TWEE BIERE

'n Man stap met 'n stuk asfalt by die kroeg in en sê: "Een bier vir my, en een vir die pad, asseblief."

## WARE VRIENDSKAP

**Vriendskap tussen vrouens**:
'n Vrou kom een aand nie huis toe nie. Sy vertel haar man die volgende oggend dat sy by 'n vriendin oorgeslaap het.

Hy skakel tien van haar beste vriendinne en nie een weet iets daarvan nie.

**Vriendskap tussen mans**:
'n Man kom een aand nie huis toe nie. Hy vertel vir sy vrou hy het by 'n vriend oorgeslaap.
Sy bel sy tien beste pelle. Agt van hulle bevestig dat hy by hulle oorgeslaap het, en twee sê hy is nog steeds daar

## VAKANSIE

Die meisie se verloofde stuur vir haar 'n poskaart uit Italië: "Ek hou heerlik vakansie. Florence is absoluut fantas-ties."
Sy skryf terug:
"Geniet dit. Willem is net so wonderlik!"

## EET JOU PAMPOEN!

Die ma sê vir haar seuntjie wat nie sy pampoen wil eet nie: "Wag maar, vannag kom die duiwel jou haal!"

Daardie nag begin dit vreeslik reën. Die donderweer dreun en weerligstrale klief die lug.

Die ma raak bekommerd en wil by haar seuntjie gaan sit totdat die weer opklaar. Tot haar verbasing is hy nie in sy kamer nie. Sy kry hom voor 'n oop yskasdeur besig om pampoen te eet.

Kort-kort prewel hy: "So 'n moerse lawaai, en dit oor 'n bietjie pampoen!"

## VROUEGEBED

Liewe Heer
Ek bid vir Wysheid om my man te verstaan, Liefde om hom te vergewe en Geduld vir sy buie. Want, Heer, as ek vir Krag bid, sal ek hom doodslaan. Amen.

## SKOON LUG

Gehoor op Vishoek se strand: "Ek weet nie hoekom maak hulle so 'n bohaai van die Kaapse strande se skoon lug nie. In Johannesburg kan ons minstens sien wat ons inasem."

**'n Liberaal is iemand wat voel hy skuld sy medemens iets, en dan probeer hy om dit met jou geld te betaal. -- G. Gordon Liddy**

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker

# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

# Kos en geregte in die 1950's

Pasta was nog nie ontdek nie. Dit was macaroni of spaghetti.

Curry was iemand se van.

Pizza? Klink na 'n skewe toring iewers.

Alle tjips was gewoon, sonder geurmiddels.

Olie was vir smering, vet was vir kook.

Tee is met blare in 'n pot gemaak.

Suiker in blokkies is as baie luuks beskou.

Niemand het al van jogurt gehoor nie.

Gesonde kos was alles wat eetbaar was.

Om kos buite voor te berei, is as kampering beskryf.

Seewier is nie as kos beskou nie en almal het vleis geëet.

Daar was nog nie 'n woord soos sosatie nie, ook nie vleis op 'n stokkie nie.

Suiker is as wit goud bestempel en was baie gesog.

Muesli was vrylik beskikbaar. Dit was vir beeste se kos gebruik.

Water het uit 'n kraan gekom. As iemand dit ten duurste in 'n bottel probeer verkoop het, sou hy bankrot gegaan het.

Daar was nooit elmboë, hoede en selfone aan tafel nie.

# *Laaste Wil en Testament*

### van Wilhelm Lodewyk Legrange die Vyfde

Ek, die ondergetekende, verklaar die volgende as my laaste wil en testament:

1. Aan my dogter Lucinda, wat na daai plek Pretoria toe getrek het en nou meestal blou dra en soos 'n bees aantrek. Ek los vir jou my kompas, mag dit jou help om beter rigting in die lewe te kies.
2. Aan my neef Danie wat so lief was om sy Sharks-trui te dra en altyd by my huis welkom was behalwe deur die week en oor naweke. Aangesien jy so baie van vis hou los ek vir jou 'n blikkie sardiens.
3. Aan my broer Neels wat nou in Bloem bly en so graag 'n regte Cheetah as troeteldier wil hê: Hallo Neels.
4. Aan my 5-jarigte susterskind Schalkie wat ek nog nooit ontmoet het nie maar volgens sy ma weier om sy WP-trui uit te trek, selfs wanneer hy moet bad, aan Schalkie: Ek los vir jou al my eiendom, insluitende die wynplaas op Stellenbosch, my Porsche, my seiljag en my versameling getekende WP-truie.



# Twee briewe tussen man en vrou

*Liewe vrou*

Ek skryf hierdie brief om te laat weet dat ek jou vir ewig verlaat. Ek was sewe jaar lank 'n goeie man vir jou en ek het niks om daarvoor te wys nie. Die laaste twee weke was hel.

Jou baas het gebel en gesê jy het jou werk bedank. Dis die laaste strooi. Verlede week het jy huis toe gekom en nie eers opgelet dat ek my hare laat sny het nie. Ook nie dat ek jou gunsteling ete voorberei het nie en 'n nuwe sykortbroek dra nie.

Jy het binne twee minute jou kos opgeëet, jou sepies gaan kyk en gaan slaap.
Jy sê nooit meer dat jy my liefhet nie. Jy stel nie belang in seks of enigiets wat ons as man en vrou konnekteer nie.

Miskien verneuk jy my of dalk het jy my net nie meer lief nie. Maak nie saak nie, ek is weg.

*Jou gewese man*

NS. Moenie my probeer vind nie. Ek en jou suster is saam oorsee. Geniet jou lewe!

*Liewe eksman*

Jy het my dag gemaak met jou brief. Dis waar dat ons sewe jaar getroud was, maar jy was alles behalwe 'n goeie man.

Ek dink jy was deurmekaar toe jy my gunsteling ete gekook het. Jy was verwar met my suster, want ek het sewe jaar gelede opgehou vark eet.

Ek het jou haarsny raakgesien en gedink jy lyk nou soos 'n meisie. My ma het my geleer om niks te sê as jy nie iets goeds kan sê nie en ek het stilgebly.

En wat daai simpel broekies betref: Ek het weggedraai omdat die prys van R79,99 nog aan hulle was – die bedrag wat my suster die oggend by my geleen het.

Maar ek het jou steeds liefgehad en gedink ons kan dinge uitwerk. So toe ek die Lotto vir R10 miljoen wen, het ek vir ons twee kaartjies Mauritius toe gekoop. Maar toe ek tuis kom was jy weg. Ek skat alles gebeur met 'n goeie rede en ek hoop jy kry die lewe wat jy begeer. My prokureur sê jou brief verseker dat jy nie 'n sent van my gaan kry nie. Pas jou op.

Geteken

*Jou eksvrou – ryk en vry!*

## Hoekom sommige mans honde het

1. Jy hoef nooit vir 'n hond te wag nie - hy is 24 uur per dag gereed.
2. Honde dink jy is snaaks wanneer jy dronk is.
3. Honde hou van jag en visvang.
4. Honde word nie kwaad as hulle 'n ander hond aan jou ruik nie. Hulle dink net dis interessant.
5. Honde hou baie daarvan as jy goed op die grond vergeet.
6. Hoe later jy is, hoe meer opgewonde raak 'n hond. 'n Hond het nie ouers wat kom kuier nie.

# RUGBY
# se byname kom van ver af

## Mary Jackson se regte name was Dirk Cloete Jackson, maar toe doen sy ma mos iets snaaks . . .

TOE Os du Rand ná die Wêreldbeker-rugbytoernooi groet, het net Bakkies en Butch met egte byname in die Bok-span oorgebly.

Ons praat nou van Pieter du Randt, John Botha en Andrew James.
Byname in Suid-Afrikaanse rugby is eg soos melktert, biltong, koeksisters, pap en wors en hopelik sterf hulle nooit uit nie.

Net nadat Bakkies vir die Springbok-span gekies is, wou 'n koerantman ’n onderhoud met hom voer, en spreek hom as John aan. Die nuwe Bok-slot het hom effens vererg en gesê sy naam is Bakkies, nie John Philip nie. Wie sal nou met ’n man stry wie se hande groter as ’n bord is?

Ons Suid-Afrikaners is lief vir dierename. Dit is seker waar Koei Brink, Jakkals Keevy, Bees Roux, Turkey Shields, Haas Schoeman, Katmuis Conradie, Skilpad Eloff, Kat Smith, Apie Pretorius, Vlakhaas Claassen, Birdie Partridge, Ponie van der Westhuizen en Lammetjie Luyt vandaan kom.

Volgens Dok Craven se *Legends of Springbok Rugby* het Lammetjie die eerste duikaangee as skrumskakel op aanbeveling van Oubaas Markötter uitgevoer en was dit nie Dauncie Devine, Pally Truter of Champion Myburgh nie. Nog drie juwele wat byname betref.

Een van die legendes van Ligblou-rugby was Mof Myburgh. Nadat Mof reeds diep spore getrap het, het ’n jong haker by die Polisie-kollege opgedaag. Hy het op ’n druppel water soos Mof gelyk, net ’n kleiner weergawe. Hy is onmiddellik Moffie gedoop en jare lank het Mof en Moffie de Klerk hul teenstanders gekarnuffel sonder dat iemand hulle oor hul byname uitgevra het.

Reeds in 1891 toe Suid-Afrika die eerste keer toetsrugby gespeel het, was daar spelers met byname. Fairy Heatlie, oftewel Barry Heatlie Heatlie (sy volle name) was volgens Oubaas Mark (volgens Dok se boek) een van die beste kapteins en veelsydige spelers wat Suid-Afrika opgelewer het.

Dan was daar Mary Jackson, wat in 1906 vir die Bokke gespeel het. Sy regte naam was Dirk Cloete Jackson, maar almal het hom as Mary Jackson geken. Hy was van Skotse afkoms en het sy bynaam reeds op skool gekry nadat sy ma daarop aangedring het dat hy ’n Skotse rokkie (kilt) op die land se nasionale dag skool toe moes dra.

Ons hou ook van motors en onderdele, want waar anders sou Domkrag Erasmus, Piston van Wyk, Spanner Maartens, Motorbike Nortier en Ghriespomp van der Merwe vandaan gekom het?

Ander was weer lank, maer en taai soos Potlood Pinnock, Plastic de Meyer, Draadkar de Lange en Seilband Fourie.

Sommige het vrugte- en groentename gehad soos Patats Cloete, Pawpaw Scheepers, Ertjies Durrheim, Carrots Geraghty, Koffie Hofmeyr en Koffie van Staden. En wat van Dagga Engelbrecht en Pruimpie Botha?

Dan was daar dié met die onsensitiewe byname soos Boesman Wilkenson, Boy Louw en Kaffer Louw. Op skool was daar ’n “Kaffertjie Schoeman”, maar op die onderwysers en ouers se aandrang mag ons hom nie op sy bynaam genoem het nie. Toe doop ons hom maar Pluraaltjie, na aanleiding van Piet Promises se destydse Departement van Plurale Sake.

Van die snaaksste byname hoort nie aldag in ’n gesinskoerant nie en ek wonder steeds waar Pompies Williams, Spyker Jacobs, Saag Jonker en Draad Olifant aan hulle name gekom het.

Dié manne het al menige rooi gesigte gelaat, veral toe Chick Henderson jare gelede in ’n SAUK-rugbyuitsending aan Hugh Bladen vra waar Rooibal Pretorius aan sy bynaam gekom het.

Daar was net ’n lang stilte.

**NS: Ghriespomp van der Merwe** had glo die aanwendsel om die palms van sy twee hande inmekaar te druk sodat dit 'n pompgeluid gemaak het.

**Koei Brink** (1906 Springbok) was Daniël Johannes. Hulle het op 'n kleinhoewe gebly, en dit was sy en sy broer se taak om saans die melkkoeie aan te keer.

# Stamboom

ONSDORP se afdeling vir familiesoekers

Die maand se vanne ontvang:

**Combrink** andries@centurionwest.co.za
Ek is Andries Johannes Combrink, jongste seun van Andries Combrink, gebore in 1919, die Seun van Gert Daniël Jakobus Comrink. Ek is getroud met Marthie Comrink. My drie kinders is Carien, Andries en Barend Combrink.
**Hoon** jehoon@webmail.co.za
My Pa was gebore Februarie 1943 in Sutherland. Sy volle naam en van: David Simon Hoon.
Ek wil weet wat van sy broers en susters en die res van die familie geword het.

**Blomerus** blomerus.a@gmail.com
My naam is Anthonie Blomerus, gebore op Napier in 1945. Ek het redelik volledig die Blomerus stamboom tot by die eerste Finse Blomerus. My ma was 'n nooi Groenewald en ek soek die name en verdere besonderhede van haar broers en susters. Saar was 10 van hulle sover ek onthou, maar almal is dood voor ek gebore is Haar ma (my Ouma) was Maynie (Jacomina Petronella) Groenewald (gebore Van Deventer). As enigiemand kan help, sal ek bly wees.

**Nog vanne wat ingekom het: Bornmann, Rykaart, Smit, en Richards.**

**Gaan na www.onsdorp.com/stamboom en kyk uit vir jou eie van.**

# Die baie voordele van gewere

Die manne sit om die vuur en gesels oor hoekom dit so lekker is om te jag. Oom Johnny vertel toe dat party ouens selfs hul gewere bo vroumense verkies.

"Jy kan maklik 'n ou .44 vir 'n nuwe .22 inruil; jy kan een geweer by die huis los en ’n ander een saamvat as jy gaan jag.

'n Vriend gee nie om as jy sy nuwe geweer toets nie; jou geweer sal by jou bly, al raak jou ammunisie op.

Gewere vra nie of hulle vet lyk nie.

En die beste is jy kan vir ’n geweer ’n knaldemper opsit."

**Sy was soos 'n magneet: aantreklik van agter, afstootlik van voor.**

## SLAGSPREUKE

Op 'n loodgieter se bakkie:
″Ons herstel alles wat jou man gebreek het."

Op nog 'n loodgieter se bakkie:
"Moenie met 'n drup slaap nie. Bel ons gerus."

Op 'n rioolwa:
"Dis net gister se maaltye."

Op 'n ander rioolwa:
"Gister se politieke beloftes op wiele."

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

"Teen dag drie is die man se slaaiblare wat hy in Phalaborwa se Spar gekoop het al heel vrot."

Sommer met die intrapslag hou ek niks van die Ingelsman wat my kleindogter hier by ons kom aansleep nie. Vir weke al sien ons uit na haar kuiertjie uit Londen en aan die begin kon ons nie fout sien dat sy nou haar Ingelse kêreltjie wou saamnooi op 'n onvergeetlike toer saam met Oupa en Ouma deur die Krugerwildtuin.

Uiterlik nie 'n onaangename seun nie, maar toe die bleeksiel sy bek oopmaak en my met "Hello Gramps" groet, is my moer klaar suur. Sulke voorbarige vermetelheid. Met die pap handjie waarmee hy bladskud, skud ek hom amper uit sy oorbel en hy het reeds een verloor.

Maar opgedress vir die okkasie hoor. Leerstewels wat amper tot by sy knieë kom, sy khakibroek al die pad ingedruk. Met sy dik belt se gèspe sal mens 'n olifant met twee houe kan doodslaan.

Wat die man als gelees het oor Suid-Afrika weet ek nie, maar aan die belt is 'n waterbottel, 'n mes wat amper sy stewels raak, 'n moon-bag met 'n rooi kruis op en een van daai kanariegeel selfone met die baie knoppies

Die man dra 'n swart T-hemp wat sê rook is verbode en iets van die aardbol wat warm word. Maar ek weet, die Wildtuin is nie speletjies oor Desember nie. Warm gaan die man beslis warm kry en rook gaan ek beslis rook, al het Kleinpop my agteraf gewaarsku dat die man so bietjie opgewonde oor tabakgebruik kan raak.

Die man is goed in tale ook. Al drie Afrikaanse woorde by Kleinpop geleer. 'Dankie, kak en lekka.' Alles is kak of lekka. Kleinpop is lekka. Ons paaie is kak. Die son is kak. Ouma se koeksisters is lekka.

Vreeslik puntenerig oor kos ook, die mannetjie. Eet nie vleis nie, eet nie dit nie, eet nie dat nie, daai moet eers gekook word voor hy sal drink ens., ens. Ek kon dit nog vat toe die man iets van "kak SUV" sê toe hy in die kombi klim, maar toe die man "kak music" op my Klipwerf mompel, steek ek summier my pyp op. Sommer so in die ry, soos ek altyd maak.

Kleinpop probeer nog verbouereerd keer, maar Oupa leer die man nog bietjie Afrikaans: "F*k jou, in my *van* rook ek, broer." Die man leer vinnig en maak sy eie Afrikaanse kombinasies: "F*k, this rook is lekka kak, dankie."

Maar met 'n man wat nie vleis eet nie, gaan dit maar lekka kak in die wildtuin. Teen dag drie is die man se slaaiblare wat hy in Phalaborwa se Spar gekoop het al heel vrot. Sy dieet bestaan uit Ouma se padkoskoekisters, Nik-Naks en braaivleispap sonder sous. Teen aand vier is hy honger genoeg om sy vegetariese geloof te verloën. Natuurlik nie openlik nie. Vang ek vir Kleinpop uit, toe sy ongemerk 'n tjop of drie na die man se tentjie toe smokkel.

Dag vyf ruik ons al vroegoggend vegetariese maag reaksies op vleis. Net mooi in die middel van nêrens en op die dag se hitte kom klop die man op my skouer hier voor in die kombi, so in die ry. "I MUST go!" beduie die man na sy poephol - asof ek nie lankal kon ruik wat hy wil doen nie.

Ek stop maar die kombi naby 'n laagte boompies. Dit is in elkgeval so warm, geen dier sal dit in die omgewing waag nie. "There," beduie ek hom na die boompies. "No ways!" protesteer die mannetjie toe.

"Nou een ding van die Wildtuin. As een kar stop, stop almal agter hom om te kyk watse diere kyk die voorste kar sien."

Ek beduie vir die mannetjie in my beste Engels dat daar "no ways" is dat hy verder my kombi se binnelug met sy buikwinde gaan ontsier. As hy nie nou sy ding gaan doen nie, gaan hy verder stap. "Gee vir die man kakpapier," beveel ek vir Kleinpop. Die man weet nou al genoeg van Afrikaans om te smeek "No, I want nice paper please!"

Soos iemand wat oor duwweltjies stap, benader die Ingelsman sy natuurtoilet. Na 'n rukkie verdwyn hy agter die boompies. Ons kyk maar almal versigtig in die omgewing om die man darem betyds te waarsku, sou daar dalk ongediertes nader sluip. Nou een ding van die Wildtuin. As een kar stop, stop almal agter hom om te kyk watse diere kyk die voorste kar. Veral so op die middaghitte as daar min is om te sien.

Die Ingelsman het skaars gehurk, voor die Land Rover agter ons stop. Die gesinnetjie bespied die rigting wat ons kyk. Hulle wil ook sien wat ons sien. Verkykers word uitgehaal Nog voertuie stop.

Een ou klim uit met 'n groot kamera op 'n driepoot. Nog karre stop. Na vyf minute lyk dit soos die Dakar-tydren wat wil afskop. Groepies dapperes staan teen die reëls orals buite hul karre en kyk met lang lense. Party klim bo-op hul voertuie se dakke vir 'n beter uitsig.

Wild was besonders skaars hierdie jaar. Nou of daar werklik een was, weet ek nie, miskien
was dit 'n oorywerige verbeelding in 'n desperate soeke na diere. Maar toe die ou so ses karre van ons af skree "Leeu, ek sien hom!" weet ek die Ingelsman verstaan meer Afrikaans as wat ons gedink het. Met al die mense wat so staan en kyk na die veld agter hom, kry die kreet nog eerbaarheid ook.
Soos 'n lus foksterriër wat hitte geruik het, peul die man uit sy bostoilet uit en hardloop vir die kombi. Die broek om die enkels laat die man so paar keer pens en pootjies neerslaan, maar sy herstel is elke keer merkwaardig. Sy roete na die eindpaal is een stofbol soos die man beweeg.

By die kombi aangekom is die man se broek darem min of meer heuphoogte, maar in die veld lê 'n lang mes en 'n kanariegeel selfoon. Die Ingelsman soek dit klaarblyklik nie terug nie. Die konvooi karre agter ons, ry stadig verby, terwyl die Ingelsman sy broek en asem op die regte plekke kry.

Te oordeel aan die hoeters en gesigte het die mense waarde vir geld in die wildtuin gekry.

Na die vakansie is Kleinpop heel uit haar Ingelsman uit. Dié het sommer vroeg 'n vlug Londen toe gevat. Sy wil hom nie weer sien nie. Miskien was dit die nagedagte aan die ongebruikte toiletpapier.

Miskien was dit die klein, bleek, swaaiende voorgedagte……

KAMMANUUS het sy maksimum verspreidinggrootte bereik, maar as jy op hierdie skakel klik, kan jy KAMMANUUS EKSTRA maklik self aflaai:
www.onsdorp.com/ekstra.html